GEESTESGEBRUIKE VAN DIE SPADE REËN SENDING

Geestesgebruike:

Die mens se skeppingsdoel is om die Here sy God te verheerlik. As kinders van die Here behoort gelowiges se grootste behoefte te wees om God te aanbid. Wanneer gelowiges God aanbid, erken hulle wie Hy is en ken hulle waarde aan Hom toe.

Ons beskou die onderskeie gebruike in die Spade Reën Sending as verskillende uitdrukkings van aanbidding teenoor die Here. In die proses behoort al die gebruike te dien tot die bevordering van gelowiges se persoonlike verhouding met Jesus Christus, vir groei tot geestelike volwassenheid, tot opbou van die gemeente en tot uitbreiding van die koninkryk van Jesus Christus op aarde.

1. **Met hande klap en gejubel!**

Lofprysing is vir Spade Reën-gelowiges 'n baie belangrike element van ons verhouding met die Here. Ons doen dit spontaan deur met ons hande te klap en daarmee saam uitsprake van lofverheffing te doen, bv. "Halleluja!"; "Loof die Here!"; "Prys Hom!"; "Prys Sy wonderlike Naam!", ens. Lofprysing met hart en mond en hande word gevind in ons daaglikse lewe as individue, asook tydens bidure en dienste, soos wat die Heilige Gees ons lei

Ps. 47 begin so pragtig met: *"Alle volke, klap met die hande; juig tot eer van God met 'n stem van gejubel!"* Ons behoort nie alleen hande klap nie; ons moet ook juig tot eer van die Here met 'n stem van gejubel!

Nie net die mens nie, maar die hele skepping moet die Here prys! *Laat die riviere in die hande klap, die berge tesame jubel voor die aangesig van die Here* (Ps. 98:8, 9).

As gelowiges doen ons dit ook wanneer ons lofliedere sing, om sy Naam groot te maak in aanbidding, met ons hande, ons stemme en ons liggame!

2. Koortjies en koordanse

Spreek onder mekaar met psalms en lofsange en geestelike liedere; en sing en psalmsing in julle hart tot eer van die Here (Ef. 5:19).

Ons lees in hierdie vers van verskillende soorte liedere waarmee gelowiges God verheerlik: psalms, lofsange en geestelike liedere. Blydskap en dankbaarheid bring soms ‘n spontane uitbundig wees en die behoefte om lofsange te sing. Ander kere het die gelowiges die behoefte om in 'n stemming van aanbidding die hande tot Hom te verhef tydens die sing van aanbiddingsliedere.

2.1 Koortjies is liedere met slegs een refrein. (Ons beskryf dit ook as lofprysingsliedere.)

Koordanse is spontane danse wat gedoen word op die ritme van 'n lied met een refrein. Ons sing gewoonlik koortjies in die vorm van opgewekte lofsange (lofprysingsliedere) om die Here daardeur te verheerlik met melodie en woorde: "*Ek sal jou weer bou, en jy sal gebou word, o jonkvrou van Israel! Jy sal jou weer versier met jou tamboeryne en uittrek in die koordans van die spelers* "(Jer. 31:4).

Dit is ook tydens die sing van hierdie liedere wat ons hande klap en soos ‘n Dawid voor die Here dans op die maat van die musiek: "*Laat hulle sy Naam loof in koordans, Hom psalmsing met tamboeryn en siter"* (Ps. 149:3). Ons doen dit met oorgawe, soos wat koning Dawid gedoen het toe hy met alle mag gedans het voor die aangesig vans die HERE (2 Sam. 6:14).

2.2 Aanbiddingsliedere is geestelike liedere wat gewoonlik in die vorm van vers en refrein geskryf en op 'n matige tot stadige tempo gesing word. Met die sing van hierdie liedere wil ons alleenlik aanbidding en verering aan ons God bring. Die woorde van hierdie liedere dui gewoonlik op die oorwinning van die kruiswerk van Christus en die reiniging deur Sy bloed; die oorwinning deur Christus se opstanding vanuit die dood; die eerbied aan God die Vader, Jesus Christus die Seun en die Heilige Gees (soos ook in koortjies).

Aanbiddingsliedere en koortjies word afwisselend tydens bidure en dienste gesing, na gelang van die leiding van die Heilige Gees vir daardie spesifieke geleentheid.

3. Geestesworsteling

In Efesiërs 6:12 maak Paulus melding daarvan dat ons as kinders van die Here in ‘n geestelike worstelstryd gewikkel is. Hoe hierdie worstelstryd beoefen en uitgevoer word, kan letterlik of figuurlik van aard wees.

Gelowiges kan in 'n innerlike geestesworsteling (in die gemoed en hart) wees of selfs tot letterlike mate in liggaamlike worsteling voor die Here verkeer teen die bose geeste in die atmosfeer, deur jou “in die stof te wentel”, deur ligtelikke rolbewegings op die grond: "*In Bet-Ofra het ek my in die stof gewentel!"* (Miga 1:10). In 'n tyd van doodsgevaar het God sy volk aangeraai: "*Dogter van my volk, omgord jou met 'n roukleed en wentel jou in die as"* (Jer. 6:26).

Worsteling is 'n diep persoonlike gebruik wat gewoonlik in die privaatheid van 'n gelowige se stiltetyd saam met die Here beoefen word, of soms tydens bidure, indien die Heilige Gees ons so lei.

4. Die reinigende bloed van Jesus Christus

Regdeur die Nuwe Testament word die reinigende krag van die bloed van Jesus Christus bevestig: "*Maar as ons in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar; en die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde* "(1Joh.1:7).

Ons maak tydens gebed graag gebruik van hierdie kosbare manifestasie, deur die bloed van Jesus Christus te bid (te pleit) oor ons as persoon, en veral ook wanneer ons saam met gelowiges bid wie ‘n reinigende gebed benodig vir sekere bindinge in hulle lewens.

Om die bloed van Jesus Christus tot reiniging te bid, is ‘n kosbare manier om die kruiswerk van Christus te verheerlik.

5. Om ons sonde te bely

Volgens Jakobus 5:16 word ons as Nuwe Testamentiese gelowiges aangemoedig om ons sonde teenoor mekaar te bely.

Om jou sonde saam met ‘n mede-broer of -suster te bely tydens gebed, is ‘n kosbare en bevrydende krag vir elke gelowige se geestelike groei en lewe.

Wanneer daar saam gebid is en sonde, oortredings en bindinge uitgespreek is, bid ons ook saam vir die reinigende bloed van Jesus Christus daaroor. *(..."en die bloed van Jesus Christus Sy seun, reinig julle van alle sonde...").*

Verder sê Jakobus ook dat die gebed van die regverdige groot krag het; daarom vind ons dit belangrik dat nadat met sonde afgehandel is deur dit saam met ‘n broer of suster aan die Here bekend te maak, daar ‘n gebed van reiniging en bevryding gebid word omdat sommige sondes en oortredinge, geestelike binding op ons lewe bring en ons dan ook daarvan bevry moet word.

6. Sak en as

Jesus het volgens Matteus na die gebruik van sak en as verwys as vernedering en bekering: "*Weë jou, Górasin, weë jou, Betsáida! want as in Tirus en Sidon die kragtige dade plaasgevind het wat in julle plaasgevind het, sou hulle hul lankal in sak*

Die oorspronklike lering omtrent sak en as het in die Ou Testamentiese tyd verwys daarna as ŉ simbool van vernedering, bekering en/of rou gedien. So ŉ persoon sou dan sak aantrek, in as sit en dit ook op sy hoof strooi. Die sak was oorspronklik van growwe bokhaar gemaak, wat dit baie krapperig en ongerieflik gemaak het om te dra. Hulle het koring in sulke sakke gestoor, soos dit vandag in sakmateriaal (hessian) gevind word. Die as is van verbrande hout verkry en het verlatenheid en vernietiging gesimboliseer.

Toe koning Ahasvéros bevel gegee het dat al die Jode in een dag omgebring moes word, was hulle raksie soos volg: En in al die provinsies waar die bevel van die koning en sy wet ook al aankom, was daar groot rou onder die Jode met vas en geween en rouklag; baie het sak en as onder hulle uitgesprei (Est. 4:3).

Wanneer die mens hom in sak en as verneder het, en die Here verlos hom van sy nood, skryf die psalmdigter: "*Wat die geringe uit die stof oprig, die behoeftige van die ashoop af verhef* "(Ps. 113:7).

Indien die behoefte daarvoor bestaan, gebruik ons met vrymoedigheid sak en as tydens afsondering en gebed voor die Here as 'n simbool van vernedering/ verootmoediging en onderworpenheid. Natuurlik is dit nie alleen die gebruik van sak en as wat die Here se hart beweeg nie, maar ook die opregte verootmoediging voor God wat so 'n handeling toon: *“omdat jou hart week is en jy jou voor die aangesig van die HERE verneder het… daarom het Ék ook verhoor, spreek die HERE* (2 Kon. 22:19).

Selfs die apostel Jakobus beveel vernedering voor die Here aan om verhoor te word: "*Verneder julle voor die Here, en Hy sal julle verhoog"* (Jak. 4:10).

God se vergifnis na opregte bekering laat Dawid jubel met die woorde: *"U het my weeklag vir my verander in 'n koordans, U het my roukleed (*sakkleed*) losgemaak en my met vreugde omgord”* (Ps. 30:12).
